

Saterdag 20 April

Skrifgedeelte: Psalm 116:1-19

Fokusgedeelte: Psalm 116:5

God se ontfermende liefde in Christus bring diepe dankbaarheid

Die Psalmdigter se terugkyk op God se genadige en regverdige handeling met hom bring toegewyde reaksie.

God se ontferming is gegrond in sy genade en regverdigheid – Jesus Christus aan die kruis wys dit vir ons. In sy genade stuur Hy sy Seun, Jesus Christus, om vir ons sondes te betaal. Hy is regverdig, want die straf op ons sonde het bepaal dat betaal moes word. Hierdie ontfermende liefde word beleef in God se sorg vir die hulpeloses. Ten spyte van baie onrus kan hy rustig word, want God het goed aan hom gedoen. Hy is van die dood gered, hy is hartseer gespaar en hy is in staat gestel om nie te struikel nie.

Hierdie terugdink aan wat God vir hom gedoen het, bring diepe dankbaarheid en 'n toewyding in diens van die Here. Om rus in die Here te vind, bring geloofsvertroue om in gehoorsaamheid voor Hom te wandel. Ons neem 'n dienskneppgestalte aan. Die gesindheid van Jesus Christus – nederigheid, sagmoedigheid, geduld en verdraagsame liefde – is nou deel van ons lewe.

Die digter stel dit duidelik dat ons nie in staat is om God terug te betaal vir wat Hy vir ons gedoen het nie. Wat wel gedoen kan word, is om 'n lewenswyse aan te kweek wat vir God aanneemlik is en Hom verheerlik. Vertel vir ander van God se barmhartigheid en regverdigheid – dit is Goeie Vrydag se boodskap.

Kom saam met gelowiges in aanbidding voor God bymekaar en loof Hom. Drink uit die beker van verlossing – vind jou vreugde in die verlossing van ons Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus.

Sing: Psalm 116-1:3, 4

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)